CALVYN PROTESTANTSE KERK VAN SA

MIV/VIGS Beleidsdokument 2004 (1 / 12 /2004)

VISIE

– Opbouing van God's Koninkryk – Redding van kosbare siele – Opheffing van ons medemens

MISSIE

Verander Ons Denke- Lerende Kerk word –Evangelisasie-Ons Mense Bemagtig

Om verdere gestalte te gee aan die visie en missie van die kerk word hierdie dokument versprei onder die lidmate van die CPK om die CPK van SA dringend op te roep tot aksie mbt MIV/VIGS.

Verklaring:

- Die CPK spreek haar diepe besorgdheid uit oor die kommerwekkende toename in die infekteringsyfer.

- Die kerk glo dat VIGS voorkombaar is en derhalwe maan ons graag lidmate en veral ons jongmense om hul intieme verhoudings op 'n verantwoordelike wyse te bedryf. Die kerk verkondig steeds algehele onthouding van seks buite die huwelik.

- Alle strukture van die kerk, word opgeroep om ons mense wat met MIV/VIGS geinfekteer en geaffekteer word met groot liefde te ondersteun deur verantwoordelike pastorale bediening.

- Die kerk verbind haar tot die verbreking van die stilte en apatie wat die MIV/VIGs pandemie omhul en sal derhalwe ook die boodskap van hoop en aanvaarding verkondig aan persone wat met MIV/VIGS leef en saamleef.

- Ons erken dat die stryd teen MIV/VIGS beter gedien kan word in samewerking met die breër kerk as liggaam van Christus, die gemeenskapsorganisasies en regering en verbind ons daartoe om vennootskappe te vorm in die stryd teen MIV/VIGS.

Toepassing van Verklaring

Verander ons denke

- Die CPK roep haar lidmate, kerkrade en leraars op om betrokke te raak by die stryd teen MIV/VIGS
- Dat daar in gemeentes empatie sal wees vir ons mense wat ly aan VIGS. Gemeentes word opgeroep om praktiese maniere te soek om hierdie empatie uit te leef.
- Vigslyers en hul families nie te verwerp nie, inteendeel dat die kerk haar hart en deure wyd oopmaak vir mense en hul families wat MIV positief is."

Lerende kerk word

- Predikante op te roep om gereeld in hul prediking te fokus op die sake rondom VIGS.
- In dit alles nie na te laat om te preek teen sodanige praktyke wat gunstige omstandighede skep vir die verspreiding van die siekte, met die bewustheid dat hetero-seksuele verkeer een van die grootste maniere van verspreiding van infeksie met die MI-Virus tans is.
- Ten minste een persoon per ring op te lei as fasiliteerder, soos aanbeveel deur CABSA in Julie 2004;
- Die opgeleide fasiliteerders werkswinkels en inligtingsessies vir die gemeentes in die Ring sal reël, ten einde in elke gemeente 'n VIGS-aksiegroep te begin;
- Waar daar VIGS-aksiegroepe in gemeentes werksaam is, op 'n maandelikse basis verslag sal doen van hul werksaamhede aan die KBL-Hoofbestuur

Evangelisasie

- Dat hierdie prediking die boodskap van hoop,aanvaarding van die mens en redding deur Jesus Christus sal weerspieël;
- Dat die betrokkenheid in die gemeente/gemeenskap ook sal vorming gee aan die uitbreiding van God's Koninkryk

Ons mense bemagtig

- In te skakel by aksies deur ander kerkgroepe, nie-regeringsorganisasies en instansies wie alreeds in die stryd teen vigs betrokke is.
- Die fasiliteerders later die nodige opleiding en bemagtiging aan bestaande VIGS-aksiegroepe sal bied om soortgelyke aksiegroepe in die gemeenskap te vestig, waar dit nie bestaan nie en in te skakel waar dit reeds bestaan
- Die opgeleide fasiliteerders werkswinkels en inligtingsessies vir die gemeentes in die Ring sal reël, ten einde in elke gemeente 'n VIGS-aksiegroep te begin;

Kort termyn aksies/bewusmaking

- Die CPK van SA het hulself verbind om saam met CABSA (Christiam Aids Bureau of SA) te werk en Ds. S. Snyman sal die kerk op die beheerraad verteenwoordig
- 'n "Memorandum of Agreement" en 'n "Memorandum of understanding" is op 12 November 2004 met CABSA gesluit
- Ten einde 'n "VIGS-vriendelike " klimaat te skep , alle leraars van die kerk vrywilliglik die VIGS-toets sal ondergaan en in woord en daad gemeente-lede aanmoedig om hulself ook te laat toets;
- 'n Kommissie t.w. Ds E Swartbooi, Ds J Fredericks, Ds D Mackriel en Ds S Snyman ook Ds. W.Williams(Voorsitter), Verona Hodman , Ds. C. Present aangewys word vir die daarstelling, uitbouing en montering van 'n VIGS-aksie program vir die Kerk.
- Daar is reeds 4 leraars en een lidmaat opgelei as fasiliteerder deur CABSA
- 'n Ander leraar is deur 'n regeringsinisiatief in die Noord-Kaap as fasiliteerder opgelei.

- Sodanige VIGS aksie program sal geskied in samewerking met CABSA en KBL-Hoofbestuur; dog dat dit nie ander instansies uitsluit nie.
- Ontmoeting met al die verskillende organisasies/kommissies van die CPK van SA oa:

Kommissie vir Barmhartigheid en Liefdadigheid(KBL), Kommissie vir Evangelisasie en Getuienisaksie (KEG), Regskommissie, Silwerrand (Nuusblad), Kuratorium, Kommissie vir Leer en Aktuele Sake(KLA) om gestalte te gee aan die samewerking en eenvormigheid in die kerk.
Die Eerwaarde Sinode spreek haar waardering uit dat daar gemeentes is wat reeds met bewusmakingsprogramme en opleidings-aksies begin het.
Waar daar egter weinig of min uitvoering gegee was aan bogenoemde besluit, besluit die eerwaarde Sinode dat:

- Die Ringe die registrasiekoste vir bogenoemde kursus sal dra;

Na die Sinode het die adhoc vir HIV/VIGS ontmoet en die volgende is alreeds gedoen om die proses in die kerk aan die gang te sit.

- Die Ringe moet voor 15 November 2004 reël vir werkswinkels wat gemik sal word op die ontvriesing en bewusmaking van predikante , kerkrade en lidmate rakend die VIGS pandemie;
- Die tweede fase van werkswinkels sal ten doel het om predikante , kerkrade en lidmate toe te rus om in hul hul gemeentes VIGSaksie groepe te begin. Elke aksie-groep moet by die plaaslike KBL inskakel. Alle gemeentes moet oor ’n aksie-groep beskik. Waar daar gemeenskaps aksie-groepe bestaan, moet die gemeentelike aksie-groep daar inskakel. Waar daar nie ’n gemeenskaplike aksie-groep bestaan nie, moet die gemeentelike aksie-groep die inisiatief neem om so ’n gemeenskap groep te stig.

“Die CPK roep haar lidmate, kerkrade en leraars op om betrokke te raak by die stryd teen MIV/VIGS deur:

- In te skakel by aksies deur ander kerkgroepe, nie-regeringsorganisasies en instansies wie alreeds in die stryd teen vigs betrokke is.
- Predikante op te roep om gereeld in hul prediking te fokus op die sake rondom VIGS. Dat hierdie prediking die boodskap van hoop,aanvaarding van die mens en redding deur Jesus Christus sal weerspieël.
- Dat daar in gemeentes empatie sal wees vir mense wat ly aan VIGS. Gemeentes word opgeroep om praktiese maniere te soek om hierdie empatie uit te leef.
- In dit alles nie na te laat om te preek teen sodanige praktyke wat gunstige omstandighede skep vir die verspreiding van die siekte, met die bewustheid dat hetero-seksuele verkeer een van die grootste maniere van verspreiding van infeksie met die MI-Virus tans is.
- Vigslyers en hul families nie te verwerp nie, inteendeel dat die kerk haar hart en deure wyd oopmaak vir mense en hul families wat MIV positief is.”